

# 7

# Sandra die seekoei



## So trek ek aan

Sandra trek graag mooi aan.
Sy het 'n kas vol klere.
Daar is klere vir die winter en klere vir die lente.
Daar is klere vir winderige dae en klere vir reënerige dae.
Sy het gewone klere en PARTYTJIEKLERE.

Sy is die mooiste meisie in die bos en almal wil haar by hul partytjies hê.






Louis, die Leeu nooi haar uit na 'n braai.
Wat sal sy aantrek?

Sarel, die Springbok nooi Sandra na die rugby.
Wat sal sy aantrek?

Albert, die Aap nooi haar uit na 'n aaptroue.
Help haar kies!





Sandra trek graag mooi aan.
Die tannies is dol oor Sandra se klere.
Die seuns is dol oor Sandra se styl.
Almal is dol daaroor om Sandra by hul partytjies te hê.

Maar waarvan Sandra die seekoei die meeste hou,
is om in 'n modderige, donker, vuil watergat rond te rol!